


# Goedvoel Verhale

## Militêre Basisse Omskep in Wildreservate

THINK DIGITAL ACADEMY



Voorheen ontoeganklike militêre sones op die hoogtepunt van die Koue Oorlog het plekke langs die grens van die voormalige Ystergordyn in Duitsland ’n nuwe kans op lewe gekry.



Sowat 62 voormalige militêre basisse, wat eens as verdediging tussen Oos- en Wes-Duitsland gedien het gedurende vier dekades van konflik, is nou die tuiste van arende, houtkappers, vlermuise, kewers en meer, nadat die regering besluit het om die ongebruikte terreine in natuurreservate te omskep, met sommige dele ook oop vir publieke gebruik.



Gesamentlik beslaan die terreine 31 000 hektaar (120 vierkante myl) – die ekwivalent van 310 000 Olimpiese swembaddens – en bevat 'n diverse verskeidenheid weivelde, woude en moerasse – die perfekte omgewing vir seldsame flora en fauna om te floreer.



Meer as 30 jaar ná die hereniging van die land wemel die grond langs wat eens as die "doodstrook" bekend gestaan het – weens die talle lewens wat verloor is deur dié wat die grens probeer oorsteek het – nou van lewe en hoop.





# Goedvoel Verhale

## Slim Tegnologie Red die Bye


THINK
DIGITAL ACADEMY



Bye is veel meer as net nederige produsente van heuning; hulle is verantwoordelik vir 'n derde van die kos wat ons eet. Deur stuifmeel van blom tot blom te versprei, aktiveer hulle die groeiproses wat vrugte, groente, neute en sade voortbring.



Alhoewel die bedreigings van peste, parasiete en klimaatsverandering ’n nadelige uitwerking op die byebevolking gehad het, is daar ’n redder in die vorm van slim tegnologie.



’n Ierse maatskappy genaamd **ApisProtect** (apis beteken by in Latyn) het sensors ontwikkel wat onder die dak van ’n byekorf geplaas kan word om faktore soos temperatuur, humiditeit, klank en beweging te monitor.



Data van meer as 400 slim sensor-eenhede, wat in korwe geïnstalleer is en deur 20 kommersiële byeboere regoor die VSA, Ierland, die VK en Suid-Afrika bestuur word, word nou via die wolk na ApisProtect se hoofkantoor in Cork oorgedra.



Nadat die data verwerk en ontleed is, word uitvoerbare insigte teruggestuur na die byeboere. Dit gee hulle ’n beter begrip van die bye se gesondheid en produktiwiteit en stel hulle in staat om probleme, soos veranderinge in temperatuur of humiditeit, te voorkom voordat dit handuit ruk.



Alhoewel ApisProtect ’n leier in hul veld is en meer as 20 miljoen heuningbye monitor, is hulle nie alleen in die gebruik van slim tegnologie om groter, gesonder byekolonies te help skep nie.



Die Oostenrykse navorsingsprojek *HIVEOPOLIS* (byekorwe van die toekoms) het ’n dansende robotby ontwikkel wat in staat is om versamelbye na nektar- of stuifmeelbronne te lei en weg van gebiede wat deur gevaarlike plaagdoders geraak word. Intussen is die Bulgaarse maatskappy Pollenity se robotby ’n persoonlike interkom vir stokperdjiebyeboere se slim korwe. Dit teken veranderinge in temperatuur en humiditeit aan en doen elke 15 minute akoestiese ontleding.

Slim tegnologie is nou amptelik die bye se beste maat.




THINK
DIGITAL ACADEMY